

# DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

**Die begroting vir die 2017 skooljaar is voorberei aan die hand van die volgende proses:**

1. Identifisering van strategiese doelwitte deur die beheerliggaam.
2. Die opstel van sub-begrotings per portefeulje en analisering daarvan.
3. Interaktiewe inligtingsessie met ouers op 25 Oktober 2016 vir deelname aan die begroting.
4. Finale goedkeuring van die begroting deur die Beheerliggaam op 19 Oktober 2016.
5. Ter insae legging van die finale begroting by die skool vir 14 dae vanaf 26 Oktober 2015.
6. Op Dinsdag 8 November 2016 word die begroting vir 2017 aan die teenwoordige ouers voorgelê vir goedkeuring. 'n Kworum is nie teenwoordig op die vergadering nie en die vergadering word geherskeduleer.
7. Begroting is finaal goedgekeur op Dinsdag 22 November 2016.

## BEGROTING 2017

### DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

#### BEGROTING 2017

#### OPSOMMING

OPSOMMING	Bylaag	Begroting 2016	Werklik Des 2016	Begroting 2017
		<b>R</b>		
<b>TOTALE INKOMSTE</b>	<b>A</b>	37 126 430	35 387 792	40 231 320
<b>TOTALE UITGAWES</b>		32 962 668	32 899 310	36 913 786
Administratiewe- en bedryfsuitgawes	<b>B</b>	8 538 404	8 960 049	9 987 365
Akademie	<b>C</b>	1 255 300	992 350	1 500 341
Leerlingaktiwiteite	<b>D</b>	6 726 338	6 700 810	7 260 707
Personeelkoste	<b>E</b>	16 442 626	16 246 101	18 165 373
<b>Subtotaal</b>		4 163 762	2 488 482	3 317 534
<b>TERREIN EN VERWANTE PROJEKTE</b>		4 163 762	2 506 318	3 317 734
Terrein opgradering		2 163 762	506 318	1 317 534
Kapitale Projekte		2 000 000	2 000 000	2 000 000
<b>SURPLUS/-TEKORT VIR DIE JAAR</b>		-0	-17 836	-
<b>*Geprojekteerd</b>				

## Die begroting vir die 2017-skooljaar word aan u voorgehou met die volgende verduidelikende aantekeninge:

### 1. INKOMSTE

#### 1.1 Ingesluit by skoolgeld

Die skoolgeld moet uitgawes dek, wat onder andere die volgende insluit:

- Personeelkoste, wat vergoeding vir die behoud van bestaande personeel en addisionele personeel op beide akademiese en sportgebiede volgens behoefte van die skool en leerlinge, insluit.
- Handboeke en eerste stel skrifte;
- Werkplan en skoolkoerante;
- Alle busvervoer in Pretoria na amptelike byeenkomste;
- Benodighede vir skoolfunksies en -verkope by funksies en byeenkomste, en ander leerlingaktiwiteite;
- Alle kostes van die Rekenaarsentrum;
- Alle administratiewe en bedryfsuitgawes van die skool;
- Instandhouding en verbetering van ons kampus asook kapitaalprojekte.
- Bystand tot musiek as vak.
- Ledegeld by Sportakademies van die hoofsportsoorte

#### 1.2 Uitgesluit by skoolgeld

Individuele afrigting by sportsoorte

Enkele handboeke waarin leerders skryf en dus nie oordraagbaar vir die volgende jaar is nie, moet hulle gedeeltelik self betaal

- IT-handboeke wat die leerders se eiendom word;
- Gasvryheidstudies: klerasie en bestanddele;
- Alle sporttoere en akademiese-toere, binne- en buitelands.
- Modelle by Meganiese Tegnologie.

#### 1.3 Skoolgeld

Die begroting is gebaseer op 'n leerlingtal van 1 475 leerlinge.

Ten einde Die Hoërskool Menlopark as 'n skool met 'n uitsonderlike hoë gehalte van onderwys en fasiliteite te handhaaf, het die beheerliggaam die skoolgeld vir 2017 soos volg vasgestel:

Eerste kind - R 32 900  
Verdere kinders - R 31 800

Ten einde die finansiële las en kontantvloei posisie op die ouergemeenskap te verlig, word die volgende betaalmetodes voorgestel:

#### **Skoolgeld kan op die volgende wyses vereffen word:**

'n Eerste bedrag skoolgeld van R 1 500 per leerder moet by **registrasie** betaal word.

Die balans kan soos volg betaal word:

- **Volledige vereffening** van skoolgeld voor einde Februarie 2017 verdien korting van R 1200.
- Tien gelyke maandelikse **kontant- of internetbetalings** vanaf einde Januarie 2017;
- Tien gelyke maandelikse **debietorder** paaiemente vanaf 1 Maart 2017. Slegs 'n lopende rekening in u naam: vul opnuut 'n bankvorm in – verkrygbaar by die skool.
- Indien 'n ouer se persoonlike omstandighede 'n ander reëling sou verlang kan so 'n reëling spesifiek met die finansies kantoorpersoneel gereël word.

#### 1.4 Oninbare skoolgeld – verteenwoordig 'n algemene voorsiening vir die afskrywing van slegte skuld van

ouers wat nie betaal nie gegewe hul omstandighede. Die afskrywing van verskuldigde skoolgeld word deur die beheerliggaam se finansiële komitee goedgekeur slegs na die inwerkingstelling van toepaslike invorderingsaksies wat onderneem word in terme van die voorskrifte van die Skolewet.

- 1.5 Subsidies vir skoolgeld.** Voorsiening word gemaak vir die Departementeel voorgeskrewe gedeeltelike of volle vrystelling vir ouers van skoolgeld nadat die nodige voorskrifte in die verband nagekom is. Subsidies vir verdienstelike gevalle word deur die finansiële komitee goedgekeur ingevolge artikel 39 (2)(b) van die Skolewet.

## **2 UITGAWES**

### **2.1 Personeelkoste**

Personeelkoste is hoofsaaklik om die bestaande personeelkorps te handhaaf asook om personeel op eie onkoste aan te stel en te ontwikkel, ten einde:

- die onderwyser-kindverhouding so laag moontlik te hou vir individuele onderrig;
- om die geskiedenis van hoë standaarde vol te hou en daarop voort te bou;
- spesialis sportafrigters en sekuriteitspersoneel aan te stel;
- deur addisionele personeel aan te stel vir diverse funksies (bv. terreinbestuurder, bemarker en Alumni) en sodoende onderwysers optimaal vir onderrigging te benut;
- deur onderwysers addisioneel te vergoed vir addisionele werk, binne bestaande GDO-riglyne en goedkeurings ten einde hulle te behou vir ons skool en die onderwys.

### **2.2 Instandhouding, Onderhoud en Kapitale investering**

Die Hoërskool Menlopark is 'n skool met uitstekende fasiliteite, bv. die Olimpiese standaard swembad, vier volledig toegeruste rekenaarsentrums, 'n moderne auditorium, klubhuise vir die onderskeie sportsoorte, moderne sportfasiliteite, 'n hokkie-astro, 'n goed toegeruste mediasentrum en onder andere klaskamers met interaktiewe witborde asook 'n koshuis. Hierdie fasiliteite, terrein en geboue verg deurlopende instandhouding en onderhoud.

### **2.3 Sport**

Om sportprestasies te handhaaf en uit te bou vereis die aanwending en gebruik van meer spesialisafrigters. Hierdie afrigters is skaars en duur.

### **2.4 Handboeke**

Die implementering van nuwe kurrikula bring mee dat daar deurlopend handboeke vervang moet word. (Enkele handboeke waarin leerders skryf en dus nie oordraagbaar vir die volgende jaar is nie, moet hulle gedeeltelik self betaal). Sien 1.2

### **2.5 Rekenaarsentrum en Inligtingstechnologie**

Rekenaars en tegnologie word deurlopend vervang en hernu ten einde die nuutste toepassings optimaal te benut. Die finale implementering en handhawing van die Sisonke projek verseker dat die skool oor 'n IT-fondasie beskik om toekomstige IT-aspirasies ten volle te stimuleer.

## **NOTULE VAN 'N VERGADERING GEHOU MET OUERS TEN OPSIGTE VAN DIE SKOOLBEGROTING VIR 2017 SOOS GEHOU OP 22 NOVEMBER 2016**

1. Ouers stel voor dat skoolgeld vir 2017 gehef sal word.
2. Daar was 'n inligtingsvergadering op 25 Oktober 2016 om ouers in te lig en te betrek by die begrotingsproses van 2017, waarna die konsepbegroting vir 14 dae ter insae gelê het by die skool.
3. Die voorgestelde begroting vir 2017 word voorgelê en aan die ouers verduidelik.
4. Na die begrotingsvoorlegging, 'n deeglike bespreking en die beantwoording van vrae, soos deur die ouers gestel, word ouers versoek om die volgende goed te keur:
  - 4.1 Die begroting en afgeleide skoolgeld.
  - 4.2 Bevestiging dat die skoolgeld billik is met in ag neming van:
    - wat die skool bied
    - die behoeftes van die onmiddellike omgewing rondom die skool en
    - die vermoë van die ouers om die skoolgeld te betaal.
  - 4.3 Die vrystelling (gedeeltelik of andersins) van ouers wat sou kwalifiseer van die betaling van skoolgeld.
  - 4.4 Die betaling van addisionele vergoeding vir addisionele werk deur onderwysers (in ooreenstemming met goedkeuring vooraf van die GDO verkry) en vergoedende kostes vir onderwysers.
  - 4.5 Die instelling van effektiewe reëlings ten einde optimale invordering van skoolgeld te verseker.
  - 4.6 Die opening van beleggingsrekenings om hoër rente te verdien as wat die lopende rekening bied.
5. Die ouers teenwoordig keur bogemelde besluite goed.

GETEKEN TE DIE HOËRSKOOL MENLOPARK, TYDENS 'N OUERVERGADERING OP DINSDAG  
22 NOVEMBER 2016, WAARVOOR VOORAF BEHOORLIK KENNIS GEGEE IS. (KENNIS IS GEGEE IN DIE  
MENLO-INSIG SOWEL AS PER SMS'e.)



---

KONRAD FLEISHAUER  
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

---

CLAUDE JARRARD  
VOORSITTER: FINANSIËLE KOMITEE

---

SCHALK REYNDERS  
SKOOLHOOF